**FEBRUARIE TEMA: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies**

Sondag **4 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:36-38 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:38**

**Christenskap is nie privaat nie**

Toe Simeon Jesus gesien het, was hy kinderlik opgewonde – tot so ’n mate dat hy nou maar in vrede kan sterf, want hy het die Verlosser, waarna hy so verlang het, gesien! ’n Opregte en diepe verlange na Iemand wat ons van ons sondes sal kom verlos.

In hierdie verse ontmoet ons vir Anna – ’n profetes. Die Bybel sê sy was al oud (84). Soos Simeon was sy ook ’n getroue kind van die Here! Elke dag by die tempel, die Here gedien op ’n tipiese Ou-Testamentiese wyse – sy het gevas en gebid en was elke dag by die tempel.

Wat doen Anna as sy die Verlosser ontmoet? Sy dank ook God, net soos Simeon! Maar Anna is ook ’n profetes – so sy praat met almal oor die Kindjie.

Jesus se koms het van die begin af mense beweeg. Die herders, die wyse manne, en nou vir Simeon en Anna by die tempel. Wanneer ons die diepte van ons verlorenheid besef, en die groot genade wat die Vader aan ons bewys het, deur ons daar uit te haal, en te verhef tot kinders van God – dan kan ons nie anders as om te loof en getuig nie!

Hoe beweeg Jesus Christus ons? Loof ons God die Vader vir die feit dat Hy bereid was om sy Seun te stuur vir gewone sondaarmense? Praat ons oor Christus? Baie keer dink ons dat geloof ’n private aangeleentheid is. Dis wel so dat Christenskap persoonlik is, maar dis nie privaat nie!

Mag ons lewe gekenmerk word deur getuienis en lofprysing!

*Sing: Psalm 34-1:2*

*Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Strand)*